

NABETRAGTING BOODSKAP Sondag 21 Junie 2020

Gegroet uit die pastorie.

MAANDAG

SKRIF: Openbaring 22:17 // *Die Gees en die bruid sê: "Kom!" En elkeen wat dit hoor, moet sê: "Kom!" En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!*

Al daaraan gedink hoekom die geloofsgroep waarvan die gemeente deel van is, gereformeerde genoem word? Ja, omdat hulle voortdurend wil aanpas, wil hervorm. Die wysheid daaragter sit in die onvermybare dat die beleefde werklikheid ontwikkel en daarmee saam mense se spirituele behoeftes verander. Alle aanpassings is moeilik omdat dit vra om afstand te doen aan ankers. Terugskouend het die NGK baie verander, selfs net in die laaste jare. Die gevaar is natuurlik dat die die evangelie afgewater raak. Die praktyk wys eintlik iets anders – dat nié die evangelie afwater nié, maar dat kerkwees verflou. Ek gaan vir elke dag vanaf Dinsdag se nadenking 'n aanhaling gee van menings die afgelope week soos in nuusmedia voorgekom het – vir betragting. Dit sal help om die Boodskap van Sondag 21 Junie weer deur te luister – dit hardloop deur gesindhede en perspektiewe t.o.v. wat ons glo...

DINSDAG

SKRIF: Hebreërs 12:1,2 // *...die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof.*

Ekerk is 'n bruikbare webwerf – dit is die baba van Stephan Joubert wat ook elke dag in Beeld 'n geestelike rubriek skryf (*Goeie Nuus*), soos hierdie een wat 'n paar dae terug verskyn het: Ons almal mis die sosiale nabyheid op Sondae – die saamwees, saam sing en saam luister na die Here se Woord. Maar ons moenie sosiale behoeftes verwar met diens aan die Here nie. Dit is reg om kerk toe te gaan. As ons vernaamste godsdienstige vooruitsig egter is om weer in eredienste saam met ander gelowiges te sit, dan kort ons dringend 'n beter begrip van kerkwees. Bkering, geloofsgroei, gebed en mededeelsaamheid kan ook los van gebou-gedrewe byeenkomste gebeur. Dit is dalk die belangrikste kopskuif wat ons in hierdie dae moet maak. Ons moet leer om mekaar op digitale platforms geestelik te versorg en te bemoedig en nie meen die enigste oplossing is "oop kerkgeboue" nie. Ons moet op nuwe platforms die Woord beter leer ken, bid, omgee en kuier.

WOENSDAG

SKRIF: Romeine 12:2 // *Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.*

Nog 'n stuk nadenke van Stephan Joubert soos pas hierdie afgelope Saterdag: Jy ken die verwysing na heilige koeie. Wel, soms moet 'n heilige koeie geslag word. Op geloofsterrein is dit dalk nou slagtyd. Vir te lank was die kerk grotendeels 'n geestelike instandhoudingsbedryf. Voltydse geestelike werkers moes

bontstaan om mense te versorg, te besoek en begelei. Die idee van formele leiers wat antwoord op uitgediende titels, soos dominee en pastoor, is diep ingeburger. Tog kom dit nie uit die Nuwe Testament nie. Hier was geen voltydse leiers nie. Paulus en ander leiers het self vir hul lewensonderhoud gewerk (Handelinge 20:34-35). Dit was gelowiges se verantwoordelikheid om na mekaar se geestelike welsyn om te sien, nie betaalde geestelikes s'n nie. O ja, daar was ook nie afsonderlike godsdienstegeboue bekend as "die kerk" nie. Gewone woonhuise was die vroeë kerk se plekke van samekoms. In die korona-tyd kort ons 'n verstaan van kerk 'n Bybelse opgradering. Dit help veel ons sê ons staan op die Bybel, maar ons klim nooit af en lees dit behoorlik nie. Minder formele geestelike betiteldes en meer bemagtigde gelowiges is broodnodig. Minder formele geboue en groter koninkryk-aangedrewe geloof word gevra daar waar ons elke dag leef en werk. Daar buite gebeur God se koninkryk. Daar moet ons glo, help, kos uitdeel, bid en leef vir die Heer. Wanneer God se koninkryk reg gebeur, gebeur die kerk reg.

DONDERDAG

SKRIF: Matteus 5:3 // *Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.*

Jaco Kleynhans van die Solidariteit Beweging skryf in Beeld van Saterdag 20 Junie 2020 in artikel met opskrif *Van welvaart na welstand*: Drie dekades het ons van die vermoë om veral deur kommunikasietegnologie toenemend met mekaar verbind te wees, beweeg na 'n staat van diepliggende interafhanklikheid. Die voordele van globalisering en ons vermoë om deur tegnologie en lugvervoer deel van 'n globale nedersetting te kon word, het meegebring dat baie van ons nie kan werk indien iemand aan die anderkant van die aardbol nie sy werk doen nie. As die netwerk dan breek of selfs net effens versteur word, is die gevolge ongelooflik helder sigbaar. Oor die VSA heen was daar binne enkele dae nadat aanlegte gesluit is waar vleis verwerk en verpak word, leë winkelrakke en vleistekorte.

VRYDAG:

SKRIF: Genesis 1:26 // Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan *heers* (toesig hou) oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip."

Johann Rossouw professor in filosofie Univ. van die Vrystaat skryf in die rubriek Plattegrond in **Rapport** van 21 Junie 2020 onder die opskrif *Is Godsdienstryheid dalk weer in gedrang?*: Helaas lyk dit of die meeste kerklui wat as verteenwoordigers van die Christendom tydens die staat van inperking met die regering in gesprek getree het, hul eie tradisie en dié wesenlike aspekte van grondwetlikheid versaaak het deur nie luidkeels te protesteer teen die staat wat hulle eensydig die reg tot aanbidding ontnem het nie. Dit is waarskynlik nie slegs te wyte aan die kerk se geheueverlies oor sy eie tradisie van grondwetlikheid, en sy versuim om die regering tot orde te roep oor die godskreiende wyse waarop hulle miljoene mense oornag verarm en verhonger en bowendien 'n skandalig toksiese rassepolitiek beoefen het, terwyl die burgers ingespring het om mekaar ongeag ras of klas te voed en te help oorleef nie. Die virus het soos niks anders nie in moderne menseheugenis die verwoesting van die aarde in die naam van "ekonomiese groei" op die voorgrond geplaas. En wat sê die kerk hieroor?